

Daal roepingsverstaan in gemeentes?

Kobus Schoeman

Gemeentes moes 'n oop vraag antwoord: *Wat is die belangrikste doelwitte waarop die kerkraad ooreengekom het?*

Agt en dertig persent van hulle het "geen" of "onbekend" aangedui. In 2004 was dit 34 %. Dit is ontstellend dat so 'n groot persentasie gemeentes beplan om nêrens uit te kom nie! Dalk doen hulle dit baie goed ...?

Die response van die 62% gemeentes wat doelwitte aangedui het, is gekodeer en sekere gewigte is daaraan toegeken.

Gewig uit 100:

- Versorging, omgee – 20
- Erediensgroei – 19
- Opbou – 18
- Uitreik, sending – 18

Indien krities na die response gekyk word, is dit duidelik dat die eerste drie meesal na binne gerig is. Slegs die laaste dui op 'n gerigtheid na buite ('n moontlik missionale verstaan van gemeente-wees).

'n Volgende respons sluit hierby aan. Gemeentes moes hulle funksionering op 'n skaal tussen sendingprojekte en 'n missionale verstaan plaas. Slegs 'n derde het hulleself binne 'n missionale verstaan van gemeente-wees geplaas. Ongeveer 'n derde was met sendingprojekte besig, en 'n derde in die middel. Sonder om 'n waardeoordeel te maak, kan gevra word na gemeentes se verstaan van hulle taak en roeping binne 'n nuwe en veranderende konteks.

Die volgende twee tabelle wys hoe gemeentes hulle taak en roeping verstaan.

Hoe funksioneer die gemeente in terme van uitreik? Merk die punt op die skaal wat die naaste aan die stelling is waarmee u saamstem. (Uitgedruk as 'n persentasie)						
As een met sendingprojekte wat deel is van die gewone gemeente-aktiwiteit	18.6	17.1	31.4	21.8	11.1	As 'n missionale gemeente wat sy bestaan sien as deel van God se sending na hierdie wêreld

Hoe sou u gemeente se huidige rigting tipeer? (Uitgedruk as 'n persentasie)				
	2004		2006	
	Nee	%	N	%
Sterwend	6	1.2	22	3.4
Besig met instandhouding/oorlewing	227	45.1	318	48.8
Groeiend	218	43.2	274	42.0
Dinamies groeiend	53	10.5	38	5.8

Die respons op die vraag na gemeentelike rigting gee 'n kykie in die selfverstaan van die leierskap van gemeentes. Die algemene tendens in 2006 is meer negatief as in 2004. Méér gemeentes sien hulleself as sterwend, of is net besig met instandhouding. Minder is besig om te groei.

Dié prentjie, saam met die gebrek aan doelwitte van baie gemeentes, is werklik ontstellend. Dit wil voorkom asof die gemeentes wat beplan om nêrens uit te kom nie, dit wel regkry! Die kerk en gemeentes sal indringend moet besin oor hulle koers en rigting.

Kerkrade en vergaderings: samestelling

85% van die gemeentes in die NG Kerk het 'n enkele kerkraad bestaande uit ouderlinge en diakens.

Interessante skuiwe is sigbaar in die samestelling van kerkrade.

Wie is die voorsitter van die kerkraad?				
	2004		2006	
	Nee	%	N	%
Predikant op 'n rotasiebasis	156	29.6	227	34.7
Leierpredikant	44	8.4	167	25.6
Dieselfde predikant	312	59.3	135	20.6
Ouderling	14	2.7	125	19.1

In net twee jaar, van 2004 tot 2006, verander die voorsitterskap van die kerkraad ingrypend. Al hoe meer kerkrade maak ook van 'n leierpredikant gebruik. Die vraag wat 'n mens verder moet vra is: Hoe dink ons oor spanleierskap?

Die rol van kerkvergaderings

Breër kerkvergaderings begin om 'n belangriker rol in gemeentes te speel:

Watter rol speel die volgende kerkvergaderings in die funksionering van die gemeente? (Uitgedruk as 'n persentasie)						
	2004			2006		
	Geen rol	Geringe rol	Belangrike rol	Geen rol	Geringe rol	Belangrike rol
Algemene Sinode	11.2	51.9	36.9	6.9	46.5	46.6
Streeksinode	6.0	45.1	48.9	3.8	41.6	54.6
Ring	6.5	40.6	52.9	5.7	35.2	59.1